BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Vrydag, 7 Julie 1950. WINDHOEK Friday, 7th July, 1950. No. 1527.

## INHOUD

*Bladsy.*

PROKLAMASIES—

No. 166 (Unie). Verkiesing van Volksraadslede om Suidwes-Afrika te verteenwoordig. . . . . . 632

No. 33. Verkiesing van Lede van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika. . . . . . 633

## CONTENTS

*Page.*

PROCLAMATIONS—

No. 166 (Union). Election of Members of the House of Assembly to represent South West Africa. . . 632

No. 33. Election of Members of the Legislative Assembly of South West Africa. . . . . . . 633

## PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 166, 1950 (Unie).]

### VERKIESING VAN VOLKSRAADSLEDE OM SUIDWES-AFRIKA TE VERTEENWOORDIG.

NADEMAAL subartikel (2) van artikel *vyf-en-dertig* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 (Wet No. 23 van 1949) bepaal dat die Goewerneur-generaal kragtens artikel *vyf-en-dertig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946, moet handel ten einde die verkiesing uit te voer van Volksraadslede wat ingevolge magtiging van eersgenoemde Wet verkies kan word om die gebied Suidwes-Afrika in die Volksraad van die Parlement te verteenwoordig;

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen soos voormeld, hierby as volg verklaar:—

(1) Dat Maandag, die vier-en-twintigste dag van Julie 1950, vasgestel is as die dag waarop nominasiehowe sitting sal hou om nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing as volksraadslede vir die verskillende kiesafdelings waarin die gebied Suidwes-Afrika verdeel is;

(2) dat die plekke beskryf in die tweede kolom van bygaande Bylae onderskeidelik die plekke is waar voormelde nominasiehowe sitting moet hou ten opsigte van sodanige kiesafdelings;

(3) dat genoemde nominasiehowe sitting moet hou om tienuur in die voormiddag van voormelde dag;

(4) dat ingeval 'n stemming nodig word in enigeen van voormelde kiesafdelings deurdat meer as een persoon wettig genomineer is by die sluiting van die sitting van voormelde nominasiehowe, bedoelde stemming moet plaasvind op Woensdag, die dertigste dag van Augustus 1950, en moet begin om sewe-uur in die voormiddag en sluit om agtuur in die aand van gemelde dag; en

## PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 166, 1950 (Union).]

### ELECTION OF MEMBERS OF THE HOUSE OF ASSEMBLY TO REPRESENT SOUTH-WEST AFRICA.

WHEREAS by sub-section (2) of section *thirty-five* of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1949 (Act No. 23 of 1949), it is provided that the Governor-General shall act under section *thirty-five* of the Electoral Consolidation Act, 1946, for the purpose of carrying out the election of members of the House of Assembly authorized to be elected to represent the Territory of South-West Africa in the House of Assembly of Parliament in terms of the first-mentioned Act;

NOW, THEREFORE, under the powers vested in me as aforesaid, I do hereby declare as follows:—

(1) That Monday the twenty-fourth day of July, 1950, shall be the day on which nomination courts will sit to receive nominations of candidates for election as members of the House of Assembly for the several electoral divisions into which the Territory of South-West Africa has been divided:

(2) that the places described in the second column of the Schedule annexed hereto shall be respectively the places at which the nomination courts shall sit for such electoral divisions;

(3) that the said nomination courts shall sit at 10 o'clock in the forenoon of the aforesaid day;

(4) that if a poll becomes necessary in any of the electoral divisions aforesaid, for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination courts, the poll shall be taken on Wednesday, the thirtieth day of August, 1950, and shall commence at 7 o'clock in the forenoon and close at 8 o'clock in the evening of the said day; and

(5) dat elke persoon wat in die derde kolom van bygaande Bylae genoem word, die kiesbeampte is, en hierby as sulks benoem word, by die verkiesing in die kiesafdeling waarvan die naam verskyn in die eerste kolom van gemelde Bylae teenoor die naam van elke sodanige persoon.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-Generaal se Grootseël te Kaapstad op hede die Negentiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op Las van sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-Rade.

T. E. DÖNGES.

(5) that every person mentioned in the third column of the Schedule hereto annexed, shall be and is hereby appointed to be the returning officer at the election in the electoral division of which the name is set forth in the first column of the said Schedule opposite to the name of every such person.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Cape Town on this the Nineteenth day of June, One thousand Nine hundred and Fifty.

E. F. WATERMEYER,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

| *Naam van Kiesafdeling.* | *Plek waar Nominasiehof Sitting hou.* | *Naam en Adres van Kiesbeampte.* |
|---|---|---|
| Etosha | Magistraatskantoor, Otjiwarongo | Mnr. A. V. S. Glendining, Magistraatskantoor, Otjiwarongo. |
| Karas | Magistraatskantoor, Karasburg | Mnr. A. H. van Eeden, Magistraatskantoor, Karasburg. |
| Middelland | Magistraatskantoor, Gobabis | Mnr. P. J. Kotze, Magistraatskantoor, Gobabis. |
| Namib | Polisiekantoor, Keetmanshoop | Mnr. E. J. Turner, Magistraatskantoor, Keetmanshoop. |
| Omaruru | Magistraatskantoor, Karibib | Mnr. S. J. Koen, Magistraatskantoor, Karibib. |
| Windhoek | Magistraatskantoor, Windhoek | Mnr. H. E. Owens, Magistraatskantoor, Windhoek. |

SCHEDULE.

| *Name of Electoral Division.* | *Place of Nomination Court.* | *Name and Address of Returning Officer.* |
|---|---|---|
| Etosha | Magistrate's Office, Otjiwarongo | Mr. A. V. S. Glendining, Magistrate's Office, Otjiwarongo. |
| Karas | Magistrate's Office, Karasburg | Mr. A. H. van Eeden, Magistrate's Office, Karasburg. |
| Middelland | Magistrate's Office, Gobabis | Mr. P. J. Kotze, Magistrate's Office, Gobabis. |
| Namib | Police Station, Keetmanshoop | Mr. E. J. Turner, Magistrate's Office, Keetmanshoop. |
| Omaruru | Magistrate's Office, Karibib | Mr. S. J. Koen, Magistrate's Office, Karibib. |
| Windhoek | Magistrate's Office, Windhoek | Mr. H. E. Owens, Magistrate's Office, Windhoek. |

## PROKLAMASIE
## VAN SY EDELE PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 33 van 1950.]

NADEMAAL die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika by Proklamasie No. 137 van 1950 (Unie) deur Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag ingevolge sub-artikel (1) van artikel *vyf-en-dertig* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 (Wet 23 van 1949) ontbind is;

EN NADEMAAL dit wenslik is om oor te gaan tot die verkiesing van lede van die genoemde Wetgewende Vergadering;

SO IS DIT dat ek, kragtens en ingevolge die mag en bevoegdheid my verleen by artikels *vier-en-dertig* en *vyf-en-dertig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette 1946 (Wet 46 van 1946) soos gewysig en op hierdie Gebied toegepas by artikel *vier-en-dertig* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 (Wet 23 van 1949) hierby verklaar:—

## PROCLAMATION
## BY HIS HONOUR PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 33 of 1950.]

WHEREAS the Legislative Assembly of South West Africa has been dissolved by Proclamation No. 137 of 1950 (Union) issued by His Excellency the Officer Administering the Government in terms of sub-section (1) of section *thirty-five* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949 (Act 23 of 1949);

AND WHEREAS it is expedient to proceed to the election of members of the said Legislative Assembly;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sections *thirty-four* and *thirty-five* of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946), as amended, and applied to this Territory by section *thirty-four* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949 (Act 23 of 1949), I do hereby declare as follows:—

(1) Dat Maandag die vier-en-twintigste dag van Julie 1950 die dag is waarop 'n nominasiehof in elke kiesafdeling sitting sal hou om benoemings van kandidate te ontvang vir die verkiesing van lede van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika vir die verskillende kiesafdelings waarin die Gebied by Proklamasie 105 van 1950 (Unie) ingedeel is;

(2) dat die plekke omskryf in die tweede kolom van die bylae hiervan onderskeidelik die plekke is waarop die nominasiehowe soos voormeld vir sodanige afdelings sitting moet hou;

(3) dat die genoemde nominasiehowe om tienuur in die oggend op die voormelde dag sitting moet hou;

(4) dat, indien daar in enige voormelde kiesafdeling 'n stemming nodig blyk omdat meer as een persoon by sluiting van die genoemde nominasiehowe in sodanige kiesafdelings behoorlik benoem is, die stemming op Woensdag die dertigste dag van Augustus 1950 plaas moet vind, en die stemming moet begin om sewenuur in die oggend, en sluit om agtuur in die aand van die genoemde dag;

(5) dat elke magistraat, bykomende magistraat, assistentmagistraat en elkeen genoem in die derde kolom van die bylae hiervan, of enigiemand anders wat wettig namens hom optree, hierby as kiesbeampte aangestel word, en kiesbeampte is, by die verkiesing in die kiesafdeling waarvan die naam aangedui word in die eerste kolom van genoemde bylae teenoor die beskrywing of naam van elke genoemde magistraat, bykomende magistraat, assistentmagistraat en die bedoelde iemand anders wat wettig namens hom optree.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te WINDHOEK op hierdie 22ste dag van Junie 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

(1) That Monday the twenty-fourth day of July, 1950, shall be the day on which a nomination court will sit in each Electoral Division to receive nominations of candidates for election of members of the Legislative Assembly of South West Africa for the several electoral divisions into which the Territory has been divided by Proclamation No. 105 of 1950 (Union);

(2) that the places described in the second column of the schedule annexed hereto shall be respectively the places at which the nomination courts shall sit, as aforesaid, for such divisions;

(3) that the said nomination courts shall sit at 10 o'clock in the forenoon of the aforesaid day;

(4) that if a poll becomes necessary in any of the electoral divisions aforesaid, for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination courts in such divisions, the poll shall be taken on Wednesday the thirtieth day of August, 1950, and shall commence at 7 o'clock in the forenoon and close at 8 o'clock in the evening of the said day;

(5) that each magistrate, additional magistrate, assistant magistrate and other person mentioned in the third column of the schedule annexed hereto or other person lawfully acting for him, shall be and is hereby appointed to be the returning officer at the election in the electoral division, the name of which is set forth in the first column of the said schedule opposite to the description or name of each said magistrate, additional magistrate, assistant magistrate and the said other person.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at WINDHOEK, this 22nd day of June, 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

BYLAE/SCHEDULE.

| *Kiesafdeling.*<br>*Electoral Division.* | *Plek van Nominasiehof.*<br>*Place of Nomination Court.* | *Kiesbeampte.*<br>*Returning Officer.* |
|---|---|---|
| 1. Windhoek Oos/ Windhoek East | Magistraatshof B/Courtroom B, Windhoek | Magistraat/Magistrate, Windhoek. |
| 2. Windhoek Noord/ Windhoek North | Werkewerf Afdeling Werke, Bismarckstraat 32/ Public Works Department Yard, 32 Bismarck Street, Windhoek | Mnr./Mr. T. P. Coetzee, Klerk van die Wetgewende Vergadering/Clerk of the Legislative Assembly, Kamer/Room 12, Regeringsgebou/ Government Buildings, Posbus/P. O. Box 292, Windhoek. |
| 3. Windhoek Wes/ Windhoek West | Ykkantoor/Assize Office, Windhoek | Mnr./Mr. R. F. Ross, Hoofklerk Justisie/Chief Clerk Justice, Kamer/Room 130, Regeringsgebou/ Government Buildings, Posbus/P. O. Box 704, Windhoek. |
| 4. Aroab | Magistraatshof/Courtroom, Aroab | Mnr./Mr. J. Staples, Aflosmagistraat/Relieving Magistrate, p/a Polisiekantoor, c/o Police Station, Aroab. |
| 5. Gobabis | Magistraatshof/Courtroom, Gobabis | Magistraat/Magistrate, Gobabis. |
| 6. Grootfontein | Magistraatshof/Courtroom, Grootfontein | Magistraat/Magistrate, Grootfontein. |
| 7. Keetmanshoop | Magistraatshof/Courtroom, Keetmanshoop | Magistraat/Magistrate, Keetmanshoop. |
| 8. Lüderitz | Magistraatshof/Courtroom, Lüderitz | Magistraat/Magistrate, Lüderitz. |
| 9. Maltahöhe | Magistraatshof/Courtroom, Maltahöhe | Magistraat/Magistrate, Maltahöhe. |
| 10. Mariental | Magistraatshof/Courtroom, Mariental | Magistraat/Magistrate, Mariental. |
| 11. Okahandja | Magistraatshof/Courtroom, Okahandja | Magistraat/Magistrate, Okahandja. |
| 12. Otjikondo | Magistraatshof/Courtroom, Omaruru | Magistraat/Magistrate, Omaruru. |
| 13. Otjiwarongo | Magistraatshof/Courtroom, Otjiwarongo | Waarnemende Magistraat/Acting Magistrate, Otjiwarongo. |
| 14. Outjo | Magistraatshof/Courtroom, Outjo | Magistraat/Magistrate, Outjo. |
| 15. Rehoboth | Magistraatshof/Courtroom, Rehoboth | Magistraat/Magistrate, Rehoboth. |
| 16. Swakopmund | Magistraatshof/Courtroom, Swakopmund | Magistraat/Magistrate, Swakopmund. |
| 17. Usakos | Magistraatshof/Courtroom, Karibib | Magistraat/Magistrate, Karibib. |
| 18. Warmbad | Magistraatshof/Courtroom, Karasburg | Magistraat/Magistrate, Karasburg. |

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by John Meinert Ltd., Windhoek. 3